

Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Riglyne vir die EBW Dekaaansvergunningseksamen (DVE) op 20 Januarie 2022

- Ten einde vir die DVE te kwalifiseer, moet jy as 'n voorgraadse finalejaarstudent geregistreer wees.
- Ander fakulteite se finalejaarstudente wat EBW-modules volg, moet die DVE-riglyne van hulle spesifieke fakulteite nagaan.

In die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe geld die volgende reëls vir die Dekaaansvergunningseksamen (DVE):

- 'n Dekaaansvergunningseksamen kan vir een enkele module toegestaan word slegs indien dit die enigste module is wat die student kort om te gradueer én mits 'n finale punt van minstens 30 in die betrokke module verwerf is.
- Studente wat vir programme in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe geregistreer is, moet die DVE-riglyne volg wat van toepassing is in daardie Fakulteit.
- Alle Dekaaansvergunningseksamens word tydens 'n enkele eksamengeleentheid vóór die aanvang van lesings afgelê, en geen verdere eksamenvraestelle sal vir die doel van 'n Dekaaansvergunningseksamen opgestel word nie.
- Kontroleer jou uitslae na afloop van die November-assesserings en, indien jy wel kwalifiseer, onthou asseblief om so gou moontlik vir die DVE te registreer.
- Registreer elektronies vir die DVE teen die **sperdatum, dit is 13 Januarie 2022**. Gebruik die DVE-registrasieskakel hier onder om te registreer om die DVE op 20 Januarie 2022 af te lê.
- [[2022 EMS Dean's Concession Exam | 2022 EBW Dekaaansvergunningseksamens](#)]

LET WEL:

Selfs al voldoen jy aan die vereistes vir die Dekaaansvergunningseksamens (DVE), móét jy daarvoor registreer. Indien jy nie die registrasieprosedure volg nie, sal ons nie doeltreffende voorbereidings vir die aflê van die DVE kan tref nie.

Vriendelike groete

Me N Daniels

Fakulteitsadministrateur: Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW)